### *Waar mens die waarheid moet soek*

**219** **Ek** sê: "Vriend, as jy iets verloor het, en dan gaan soek op `n vreemde plek waar jy niks verloor het nie, en daar sonder om die verlore ding te vind, moet bly, en jy jou dan verwonder dat jy ondanks jou lange en vlytige soeke tog niks gevind het nie, - dan was jy, ook al is jy `n verstandige en nugter man, dan in hierdie opsig tog werklik nie so verstandig nie!

[2] Kyk, jy vind dadelik by die begin van jou waarneming Moses en al die profete leeg, geesloos en sonder waarheid, jy beskou dit alles as `n ydele mensemaaksel, jy doen ook nooit die moeite om tot die gees van die Skrif deur te dring nie, jy het liewer tyd en goud verspil om die waarheid daar te soek waar dit nooit te vinde kon wees nie!

[3] Daardeur was dit onvermydelik dat jy oral bedroë daarvan afgekom het en om die bos gelei voel en niks gevind het behalwe die leuen, huigelary en dik opgelegde bedrog nie. Jou vele ervarings was daarom natuurlik ook bitter en het jou tot op hede niks in die sak gebring nie, behalwe dat jy daardeur selfs die lewe begin haat en jy alle liefde en agting en eerbied vir Elohim verloor het.

[4] As jy die Waarheid egter op die regte plek gesoek het, sou jy Haar ook beslis al lankal gevind het, soos baie Haar vóór jou reeds gevind het!

[5] Glo My, die Waarheid vereis geen geloof op die manier wat jy 'glo' noem nie, ook geen leë hoop sonder voorbehoud nie, maar Sy skep in jou lewenssentrum `n sonklare vertroue en laat oor die toekomstige lewe nie die geringste twyfel bestaan nie! Die volle en tasbare oortuiging leef in jou gees wanneer dit ontwaak deur die liefde tot Elohim en jou naaste!

[6] Maar natuurlik is so iets nie in die heidense skool van Karnak in Egipte en nog minder by die ou dwases in Indië te vinde nie!

[7] Sy bevind Haar geheel en al baie nader aan die mens en is vir elke ywerige soeker baie maklik te vinde. Maar hy moet Haar daar soek waar Sy te vinde is, - andersins is alle moeite en elke werk verniet! Van dorings en distels oes `n mens nooit druiwe en vye nie en in die plasse en moerasse groei geen koring nie.

[8] Jy sê ook dat jy Elohim nie liefhet of vrees of dank verskuldig is nie, omdat jy Hom nooit gevra het om jou `n bestaan te gee nie! As jou gees al wakker sou gewees het, sou hy jou baie duidelik aangetoon het wat jy aan Elohim, die Vader van alle mense, skuldig is. Jou vlees en jou bloed weet natuurlik net so min daarvan af as wat jou jas weet dat jou maag honger het.

[9] Maar hier aan hierdie tafel sal jy `n sekere Philopold uit Kana in Samaria vind. `n Paar weke gelede het hy net so daaroor gedink soos jy op die oomblik, en sy woorde was presies ook jou woorde. Praat eers met hom, dan sal dit wel ietwat ligter word vir jou. Eers daarna sal Ek jou alles uitlê en dan sal dit wel blyk of Elohim van jou kant `n ware en troue liefde waardig is of nie! Daar, net regoor My sit die man met wie jy eerstens moet praat! Gaan en volg My raad op, hy sal seker nuttiger vir jou wees as die skool in Karnak!"

[10] **Murel** gaan nou, terwyl hy om die lang tafel loop, na Philopold toe en sê: "Die Meester het my na jou verwys om van jou in die saak wat my so baie besig hou `n eerste, en ware vonkie van lig te ontvang. Sê my daarom iets goeds en waar!"

[11] **Philopold** sê: "Vriend, ek het alles gehoor wat jy in die nabyheid van ons almal aan die Meester gesê het! Daardeur het ek besef dat ek nie baie anders gedink en gepraat het nie, maar die rede daarvoor het by myself gelê. Ook ek het gesoek op plekke waar ek nooit iets verloor het nie, maar daar waar ek wel iets verloor het, het ek ook nie gesoek nie en daarom het ek ook niks gevind nie. Eers toe hierdie Majesteit en Meester van bo en van die ewigheid na ons toe gekom het, is my oë geopen! Ek het herken wie ek is en waarom, en ek herken ook wat die mens eintlik is en waarom hy daar is! En nou, vriend, is alles lig in my en geen duistere twyfel versprei nog êrens sy skaduwee in my helverligte wese nie! Dit sal seker binnekort ook met jou die geval wees!"

### *Die verval van die Egiptiese en die Indiese wysheid*

**220** Toe vra Murel aan Philopold om hom die nodige uitleg daaroor te gee. Waarop **Philopold** sê: "Vriend en beste broeder! Jy het baie ondervinding en het selfs na die Indiërs gegaan en na die lande wat nog baie ver agter die Ganges lê, tot aan die berge wat nog geen sterfling betree het nie, en bowendien het jy so ver in Egipte deurgedring tot waar die Nyl oor rotse bruis en donder. Die ou rotstempel van Jabusimbil het nie vir jou onbekend gebly nie en die Memnon-suile het jy op `n more gehoor weergalm. Jy het die ou spykerskrif bestudeer, en die nog ouer hiërogliewe skrif het jy probeer ontsyfer.

[2] Die leraars van Karnak sou jou alles moes uitlê waarvoor jy hulle baie ruim daarvoor wou betaal, maar tog het hulle dit nie gedoen nie, omdat hulle dit

nie kon doen nie. Die huidige wyses en geleerdes van Egipte is naamlik nie meer te vergelyk met hulle wat ten tye van die ou Farao's die grondleggers van die skole en tempels was nie. Van die oudste wyshede weet hulle nog baie minder van af as die skrifgeleerdes en fariseërs in Jerusalem, en die Birmane (Brahmane) is nog slegter daaraan toe. Hulle blyk na `n soortgelyke asketisme oorgegaan het wat `n skande vir die mensdom is, en wat is die asketisme anders as enersyds onbegrensde hoogmoed en juis daarom onbegrensde domheid andersyds!?

[3] Die mense het óók eers die ware Wysheid besit, net soos vader Noag dit besit het. Maar met die loop van tyd, toe die families tot `n volk uitgegroei het, wat duidelik meer behoeftes gehad het as `n klein familie, toe word die fisiese kragte van die mense te veel in beslag geneem, sodat elkeen hom nie alleen besig kon hou met die innerlike wysheid nie.

[4] Die volkere kies toe vanuit hulle midde die mees wyste manne, dra hulle die heilige taak op en verplig hulle om daarvoor te sorg dat die Kennis van Elohim altyd onder hulle hoog gehou moes word en dat die innerlike wysheid nie verlore mag gaan nie, maar by hulle en hulle kinders bewaar moes bly.

[5] Daarna het die volk die wysheidsleiers en -bewaarders en - versorgers die reg verleen om wyse wette uit te vaardig. Die hele volk van die eerste tot die laaste man het daarvoor borg gestaan en moes dit uitvoer, waarby sondaars teen die heilige wette `n streng tugtiging te wagte kon wees.

[6] In die beginperiode van sulke instellings het alles baie goed verloop en het dit `n redelike heilsame werking gehad. Maar later het die priesterkaste hulleself ook uitgebrei en het baie nodig gehad vir hulle liggaamlike onderhoud. Weldra was daar dan ook nuwe wette en voorskrifte uitgevaardig met die mistieke titel 'uitgaande van God’. Dit het nou begin wemel van strawwe en boetes en van allerlei op wonderwerk lykende bedrog. Ook middele om weer vry te word het die mense nie vergeet nie. Wie by die oortreding van een of ander, sogenaamde goddelike voorskrif, sy straf kwytgeskeld wou hê, moes losgeld betaal wat hy nouliks kon bybring. Die arme moes natuurlik die boetedoening deurstaan alleen as `n angsaanjaende voorbeeld. Dat dit huidiglik nog baie erger moet gaan, kan jy jouself goed indink!

[7] En kyk, vriend, daar het jy waarheid en die hoogste wysheid gaan soek!? Dat jy dit onmoontlik daar kon vind is verstaanbaar, asook dat jy daarna `n formele vyand van die lewe geword het. Maar dat jy self as priester en skrifgeleerde nie op die gedagte kon kom om juis in die Skrif te gaan soek of en hoeveel waarheid en wysheid daarin verborge lê nie en of `n mens volgens die reëls van die ou profeteskool nie tot `n innerlike lewensbeskouing sou kan kom nie, vind ek tog ietwat onverstaanbaar!

[8] Ek was daar aan die een kant seker nie baie beter daaraan toe met my kennis van die waarheid nie, en my wysheid het merendeels uit die Griekse filosofie bestaan, hoewel ek die goddelike Skrifte van die Judeërs `n hoë waarde toegeken het, - maar vir my het die hoofwortel ontbreek, waardeur hierdie heerlike boom van my dan ook geen vrugte kon dra nie."